



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V1

FEBRUARIE/MAART 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGE KEUSE**

- 1.1.1 B inkome ✓✓
- 1.1.2 B ekstrapolasie ✓✓
- 1.1.3 A sentrale ✓✓
- 1.1.4 A portefeulje ✓✓
- 1.1.5 C resessie ✓✓
- 1.1.6 C progressiewe ✓✓
- 1.1.7 B tekort ✓✓
- 1.1.8 A interafhanklik ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PAS-ITEMS

- 1.2.1 H finansiële toelaes om die produksie van uitvoergoedere aan te moedig ✓
- 1.2.2 A waarskynlike aantal jare wat 'n persoon sal lewe na geboorte ✓
- 1.2.3 F 'n opsomming van 'n land se transaksies met die res van die wêreld ✓
- 1.2.4 E beweging van mense van landelike gebiede na stede en dorpe ✓
- 1.2.5 B bied geleentheid vir lenings en besparing ✓
- 1.2.6 D die piek van 'n sakesiklus ✓
- 1.2.7 G produsente en verbruikers kan goedere enige plek in die wêreld koop en verkoop. ✓
- 1.2.8 C regering se beraamde inkomste en uitgawes vir 'n periode van drie jaar. ✓ (8 x 1) (8)

1.3 EENWOORD-ITEMS

- 1.3.1 Devaluasie ✓
- 1.3.2 Meriete goedere/openbare goedere ✓
- 1.3.3 Ekonomiese kringloop model ✓
- 1.3.4 Persoonlike inkomstebelasting ✓
- 1.3.5 Heropbou en ontwikkelingsprogram (HOP) ✓
- 1.3.6 Suid-Afrikaanse Reserwebank ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE**2.1 Beantwoord die vrae:****2.1.1 Noem TWEE voorbeelde van nie-duursame goedere.**

- Voedsel ✓
- Brandstof ✓

Enige ander relevante antwoord. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is die wisselkoersmark belangrik vir toeriste?

Alvorens toeriste goedere en dienste in 'n vreemde land kan aankoop is dit is nodig dat hulle, hulle eie geldeenheid omruil vir die van 'n ander land. ✓ ✓

Aanvaar enige relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg**2.2.1 Voorsien die diagram van 'n gepaste opskrif.**

- Tweesektor ekonomiese kringloop model ✓
- Ekonomiese kringloop model ✓
- Ekonomiese ewewig ✓

(1)

2.2.2 Noem, behalwe investering, nog enige ander inspuiting.

- Uitvoere ✓
- Owerheidsbesteding ✓

(Enige 1 x 1) (1)

2.2.3 Identifiseer A en B in die diagram.

- **A** = Huishoudings / verbruikers ✓
- **B** = Sakesektor / produsente / firmas ✓

(2 x 1) (2)

2.2.4 Hoe sal nasionale inkome beïnvloed word deur bogenoemde lekkasies en inspuitings?

Nasionale inkome sal toeneem ✓ omrede (investering) J groter is as (besparings) L. ✓

(2)

2.2.5 Bereken die verandering in nasionale inkome wat deur bogenoemde investering veroorsaak is. Toon alle berekeninge.

$$M = 1/1 - m_{vg} = 1/1 - 0.75 = 4 \checkmark \checkmark$$

$$\text{Effek: } R120m \times 4 = R480m \checkmark \checkmark$$

(4)

2.3 Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg**2.3.1 Beskryf die tendens in die saldo op die lopende rekening van 2010 tot 2012.**

'n Toenemende tekort op die saldo op die lopende rekening. ✓✓ (1 x 2) (2)

2.3.2 Beskryf die term *handelsbalans*.

Dis die verskil tussen goedere-uitvoere en goedere-invoere. ✓✓ (1 x 2) (2)

2.3.3 Waarom word gouduitvoere as 'n afsonderlike item in die lopende rekening gelys?

Weens die historiese belangrikheid van goud as 'n strategiese uitvoerprodukt vir Suid-Afrika. ✓✓ (1 x 2) (2)

2.3.4 Hoe kon die regering ons geldeenheid gebruik om die handelsbalans van 2012 te verbeter?

Die owerheid kan die geldeenheid devalueer. ✓✓ Dit maak ons goedere goedkoper vir die buiteland en gevolglik word uitvoere bevorder ✓✓
Aanvaar enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek *spesialisasie* en *ekonomieë van skaal* as argument ten gunste van vryhandel.**Spesialisasie:**

- Die effek van stygende lewenstandaarde lei tot die toename in die handel van goedere en dienste. ✓✓
- Die teorie van vergelykende voordeel toon dat wêreldproduksie verhoog kan word indien lande spesialiseer in dit wat hulle die beste produseer. ✓✓
- Dit verhoog ekonomiese doeltreffendheid en verhoed die vermorsing van hulpbronne. ✓✓
- Lande wat die beste is in die produksie van sekere goedere en dienste sal spesialiseer en meer daarvan produseer ✓✓ (2 x 2) (4)

Ekonomieë van skaal:

- Handel laat skaalvoordele maksimeer en sodoende verminder koste.. ✓✓
Dit bevorder mededingendheid in wêreldmarkte. ✓✓
- Ekonomieë trek voordeel uit meer effektiewe arbeidsverdeling en die skepping van ekonomiese doeltreffendheid. ✓✓ Wêreldproduksie en ekonomiese welvaart neem toe en markte groei. ✓✓
- Produsente kompeteer om die beste produksietegnieke / metodes om koste te sny en die kwaliteit van goedere te verbeter ✓✓ dit stimuleer kreatiwiteit en innovasie. ✓✓ (2 x 2) (4)

2.5 **Waarom is dit nodig om ontwikkelende lande beskerming teen oorsese mededinging te beskerm?**

Dit bevorder indiensname ✓✓

- Handelsbeskerming is 'n maatreël om werkloosheid te beheer. ✓✓
- Die beperkings op goedere en dienste wat van die buiteland af die land binnekome, veroorsaak dat binnelandse produsente meer goedere en dienste self produseer. ✓✓
- Nuwe besighede kan die mark binnekome. ✓✓
- Dit skep ook nuwe werksgeleenthede. ✓✓ (2 x 2)

Dit verhoed dumping / storting ✓✓

- Met dumping word produkte verkoop teen pryse laer as produksiekoste in die land van oorsprong en laer as die pryse van die land waarna uitgevoer word. ✓✓
- Dit maak dit baie moeilik vir plaaslike produsente om te kompeteer. ✓✓
- Dit sal swakker ondernemings plaaslik uit die mark forseer. ✓✓ (2 x 2)

Dit bied tydelike beskerming aan beginnende industrieë. ✓✓

- Nuwe besighede produseer teen baie hoë koste en lae inkomste ✓✓
- Hulle het beskerming nodig teen goed gevestigde mededingers van oorsee. ✓✓
- Wanneer die besighede deur die beginstadium is en mededingend begin raak moet beskerming verminder word. ✓✓ (2 x 2)

Selfstandige en strategiese nywerhede ✓✓

- Sommige nywerhede soos die yster en staal, landbou en energie word dikwels beskou as strategiese nywerhede. ✓✓
 - Ontwikkelende lande voel dat hulle hierdie nywerhede moet ontwikkel ten einde selfversorgend te wees. ✓✓ (2 x 2)
- Aanvaar enige ander relevante antwoord, (Enige 2 x 4)

(8)
[40]

VRAAG 3 EKONOMIESE STREWES**3.1 Beantwoord die volgende vrae:****3.1.1 Noem TWEE sosiale aanwysers.**

- Onderwys ✓
- Behuising ✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord.

(Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom vergader die Monetêre Beleidskomitee van die Suid-Afrikaanse Reserwebank elke twee maande?

Om inflasionêre toestande te oorweeg en die repokoers te verander indien nodig om prysstabiliteit te verseker. ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord.

(1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.**3.2.1 Wat is die staat se rol in die implementering van die NOP?**

Die rol van die regering is om 'n raamwerk daar te stel waarbinne die privaatsektor moet funksioneer. ✓✓

(1 x 2) (2)

3.2.2 Bespreek TWEE positiewe elemente van die NOP

- **Die uitbreiding van infrastruktuur:** met die fokus op VYF belangrike fisiese en sosiale infrastruktuur areas. ✓✓ nl. energie, vervoer, kommunikasie, water en behuising ✓✓
- **Landbou-waardeketting:** deur hoë kunsmispryse aan te spreek ✓✓ Die promosie van prosesering en die uitvoer van verwerkte landbouprodukte ✓✓
- **Mynbou-waardeketting:** die toename in minerale ontginning ✓✓ bevordering van infrastruktuur, vaardigheidsontwikkeling ✓✓ en ondersteuning en bevoordeling van die vervaardiging van verbruikers goedere en dienste en kapitaalgoedere. ✓✓
- **Groen ekonomie:** deur uitbreiding in die konstruksie en produksie van nuwe tegnologie in veral sonenergie, windenergie en biobrandstof. ✓✓
- **Vervaardigingsektor:** deur innovasie ✓✓ sterk vaardigheidsontwikkeling en investering in navorsing en ontwikkeling. ✓✓
- **Toerisme:** asook hoëvlak-dienste. ✓✓

(Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 **Verskaf die staat kwaliteit onderwys? Motiveer jou antwoord.**

Ja ✓

- Nuwe skole is gebou ✓✓
- Handboeke / studiemateriaal / web tuistes ✓✓
- Voedingskemas vir kinders ✓✓

OF

Nee ✓

- Onvoldoende klaskamers ✓✓
- Gebrek aan handboeke in sommige skole ✓✓
- Swak opgeleide onderwysers ✓✓

Enige ander relevante antwoorde (2 x 2) (4)

3.3 **Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg**

3.3.1 **Noem enige voordeel van Swart Ekonomiese Bemagtiging vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- Transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie vind plaas ✓✓
- Toename in die getal swart mense wat die ekonomie besit en beheer. ✓✓
- Verbeter die inkomste van voorheen benadeelde gemeenskappe. ✓✓
- Verbeterde lewensstandaard ✓✓
- Bevorder sosiale gelykheid ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.3.2 **Definieer die term *Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging*.**

BBSEB – Is breër as SEB, dit sluit die volgende in: ontwikkeling van kleinsake, die ontwikkeling van vaardighede, eienaarskap van besighede en voorkeurbehandeling ✓✓

Aanvaar enige ander relevante definisie. (2)

3.3.3 **Watter boodskap word in die spotprent uitgebeeld?**

- Word die geld op bemagtigingsprojekte gespandeer? ✓✓
- Word die ander lede van die benadeelde gemeenskappe ook bevoordeel? ✓✓
- Dra die besigheid regtig sorg oor aktiwiteite in die gemeenskap? ✓✓
- Dra die besigheid sorg oor die omgewing en die markplek? ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.3.4 **Na jou mening, het die SEB-beleid swart mense in Suid-Afrika bevoordeel?**

Ja ✓	Nee ✓
Bemagtiging van die inheemse bevolking ✓✓	
Geslagsgelykheid, meer geleenthede vir verteenwoordiging op alle vlakke van bestuur. ✓✓	Bevoordeel sleg 'n klein persentasie (paar individue) van as gevolg van nepotisme en korrupsie. ✓✓
Ekonomiese bemagtiging – verspreiding van finansiële rykdom ✓✓	
Skerp toename van ekonomiese mag deur aandeelhouding in groot ondernemings. ✓✓	Meeste swart Suid-Afrikaners trek geen voordeel nie – werkloos – gebrek aan toegang tot kapitaal. ✓✓
Lewenstandaard ✓✓	
Die deel van die bevolking wat wel bemagtig is, geniet 'n baie hoër lewenstandaard. ✓✓	Baie swart Suid-Afrikaners geniet glad nie 'n hoër lewenstandaard nie - die gaping tussen ryk en arm het egter toegeneem. ✓✓ Die Gini koëffisiënt het verswak. ✓✓
Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2)	

(4)

3.4 **Onderskei tussen nywerheidsontwikkelingsones en spesiale ekonomiesesones.**

Nywerheidsontwikkelingsones: (NOS'e)

- Dit is doelgebooue nywerheidspersoneel wat fisies omhein is en aan 'n internasionale hawe of lughawe gekoppel is met tariefvrye aansporings. ✓✓
- Dit is ontwerp om internasionale mededingendheid in die SA vervaardigingsektor aan te moedig. ✓✓
- NOS'e val buite die binnelandse doeanesone en is daarom in staat om goedere in te voer sonder tariewe en handelsbeperkings. ✓✓ NOS'e voeg waarde toe en voer uit. ✓✓
- NOS'e in ontwerp om nuwe investering te trek na uitvoergedrewe nywerhede. ✓✓ Dit moedig uitvoere ekonomiese groei en werkskepping aan. ✓✓
- NOS'e is die verantwoordelikheid van die provinsiale en plaaslike owerhede. ✓✓
- Sakeontwikkeling rondom die NOS'e (banke, personeel, versekering, ouditeurs, IT, kommunikasie, spyseniering, winkels en vervoer). ✓✓
- NOS'E versterk en stimuleer die ekonomie in die onmiddellike omgewing. ✓✓
- Elke NOS bied 'n direkte skakel met 'n internasionale lughawe of hawe, wêreldklas infrastrukture, 'n nul-koers BTW op voorrade van Suid-Afrika, owerheid aansporingskemas, verminderde belasting vir sekere produkte, toegang tot die nuutste inligting. ✓✓

(2 x 2)

(4)

Spesiale Ekonomiese Sones: (SES'e)

- Dit is waar 'n breë verskeidenheid van nywerheidsparke en ekonomiese infrastruktuur effektief saam gegroep word vir effektiewe waardetoevoeging en werkskepping. ✓✓
- Ontwerp om die ekonomie te laat groei. ✓✓
- Bevorder uitvoere. ✓✓
- Skep werksgeleenthede. ✓✓
- Investerings is gebaseer op publieke-privaatsektor-venootskappe met die staat wat die infrastruktuur voorsien. ✓✓
- En die privaatsektor wat nuwe besighede begin. ✓✓
- Aansporings word aan firmas gebied met 'n mededingende voordeel het. ✓✓
- (laer pryse vir hul nywerheidsuitvoere oor ander internasionale produsente) ✓✓
- Groei in die SES's is gebaseer op uitvoergebaseerde vervaardiging. ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord.

(2 x 2)

(4)

(8)

3.5

Bespreek hoe die Klein en Medium Ondernemingsprogram (KMOP) en die Buitelandse Investeringsstoelae help om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder.

Klein en Medium Onderneming Ontwikkelingsprogramme

- Dit is 'n regeringsinisiatief om die KMMO's in die ekonomie te ondersteun om te begin of om uit te brei. ✓✓
- Toelae word aan die KMMO's gegee wie se totale bates minder as R100 miljoen is. ✓✓
- 'n Verskeidenheid van nywerhede is geregtig op die toelae, dit varieër van vervaardiging en toerisme tot landbou. ✓✓
- Toelae word tot 'n maksimum periode van 3 jaar verskaf. ✓✓

(Enige 2 x 2)

(4)

Buitelandse Investerings Toelae

- Dit neem die vorm van kontanttoelae aan wat toegeken word aan buitelandse maatskappye wat graag wil investeer in nuwe vervaardigingsbesighede. ✓✓
- Die toelaes dek vanaf 15% tot 'n maksimum van R3 miljoen van die koste om toerusting en masjinerie na Suid-Afrika te vervoer. ✓✓
- Die doel met die aansporings is om buitelandse investering aan te moedig. ✓✓

(Enige 2 x 2)

(4)

(8)

[40]

VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**4.1 Beantwoord die volgende vrae:****4.1.1 Noem enige TWEE metodes wat gebruik kan word om die nasionale rekeningtotale te bereken.**

- Inkome ✓
 - Produksie / Toegevoegde Waardemetode ✓
 - Besteding ✓
- (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is die Bruto Nasionale Produk van Suid-Afrika oor die algemeen laer as die Bruto Binnelandse Produk?

Buitelanders se bydrae tot ons ekonomie is groter as die bydrae wat SA burgers maak in buitelandse ekonomieë. ✓✓ (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.**4.2.1 Watter boodskap word in die spotprent hierbo uitgebeeld?**

Mnr. Pravin Gordan poog om 'n balans tussen staatsinkomste en die behoeftes in kritieke areas van die ekonomie te vind. ✓✓
Aanvaar enige relevante antwoord. (2)

4.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n belastingaansporing.

- Belastingvrye aansporings ✓✓
 - Belastingvrye kontanttoelae ✓✓
- (1 x 2) (2)

4.2.3 Verduidelik die betekenis van *persoonlike inkomstebelastingverligting*.

Dit verwys na maatreëls deur die regering om die belastinglas wat op die belastingbetalers rus te verminder. ✓ Bv. Die hersiening van belastingkoerse ✓
(2 x 1) (2)

4.2.4 Watter deel van die bevolking sal die grootste voordeel uit inkomstebelastingverligting trek? Motiveer jou antwoord.

Die laer inkomste deel van die bevolking. ✓✓

Motivering:

Om die lewenstandaard van die armes te verbeter het die minister 'n aanpassing op die belastingkale spesifiek vir die laer inkomstegroepe. aangekondig. ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.**4.3.1 Watter provinsie het die grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie gemaak in 2012?**

Wes-Kaap ✓✓ (1 x 2) (2)

4.3.2 Definieer die begrip *streeksnywerheidsontwikkeling*.

Streeknywerheidsontwikkeling verwys na beleide wat daarop gemik is om die ekonomiese lewensvatbaarheid van 'n spesifieke gebied te verbeter. ✓✓

Aanvaar enige ander korrekte definisie. (1 x 2) (2)

4.3.3 Wat is die gemiddelde BBP-groeikoers vir Suid-Afrika?

± 2.2% ✓✓ (1 x 2) (2)

4.3.4 Wat dink jy behoort die staat te doen om nywerheidsontwikkeling in die onderpresterende provinsies te bevorder?

- Bou die nodige infrastruktuur. ✓✓
- Bv. Vervoerfasiliteite, elektrisiteit en water. ✓✓
- Ontwikkel aansporings vir potensiële beleggers. ✓✓
- Bv. verminder belasting ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.4 Bespreek die monetêre beleidsinstrumente wat gebruik word om die ekonomie te stabiliseer.**Rentekoersverandering ✓✓**

- Word gebruik om kredietskepping te beïnvloed, deur krediet duurder of goedkoper te maak. ✓✓
- Die stabilisering van die wisselkoers deur kapitaalinvloei aan te moedig. ✓✓
- Of uitvloei om tekorte uit te wis en 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans te verseker. ✓✓

Opemarktransaksies ✓✓

- SARB verkoop vaste rentedraende staatseffekte om kredietskepping deur handelsbanke te beperk en die geld uit sirkulasie te neem. ✓✓
- Banke het nou minder geld en kan dus minder krediet aan hul kliënte toestaan. ✓✓
- Om kredietskepping aan te moedig koop die SARB vaste rentedraende staatseffekte terug uit die opemark; die geld vloei terug in sirkulasie. ✓✓
- Bank het nou weer die geleentheid om meer krediet te skep. ✓✓

Morele oorreding ✓✓

- Die SARB konsulteer met banke en oortuig hulle om anders op te tree. ✓✓
- Hul optrede moet inpas wees met die huidige behoeftes in die ekonomie. ✓✓
- Verkoop waardepapier soos wissels en obligasies. ✓✓

Kontantreserwevereiste ✓✓

- Dit is die voorgeskrewe persentasie van die totale deposito's wat deur handelsbanke teruggehou mag word en wat hulle dan kan gebruik om aan kliënte uit te leen. ✓✓
- 'n Verandering in die kontantreserwevereiste maak meer of minder geld beskikbaar in die bankstelsel. ✓✓

Valutabeheerbeleid ✓✓

- 'n Maatreël om die uitvloeï van kapitaal na ander lande te verhoed. ✓✓
- Dit is 'n beleid wat normaalweg deur ontwikkelende lande ontwikkel is waar sentrale banke vrees dat groot bedrae geld die land uitvloeï. ✓✓
- Valutabeheer is onlangs in Suid-Afrika verslap. ✓✓

Aanvaar enige relevante antwoord,

(Enige 4 x 2)

(8)

4.5 **Assesseer hoe 'n toename in invoerpryse en 'n toename in uitvoerpryse (ruilvoet) die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed.**

'n Verandering in die ruilvoet kan tot die volgende lei:

'n Styging in uitvoerpryse kan lei tot:

- Die numeriese waarde van die ruilvoet / indeks verbeter. ✓✓
- Toename in ekonomiese welvaart omdat meer geld die land inkom teen dieselfde koste/uitgawe. ✓✓
- Alhoewel, oor die langtermyn kan die hoër uitvoerpryse lei tot 'n afname in die verkoopvolume, afhangende van die pryselastisiteit van die vraag. ✓✓
- Dit kan lei tot 'n verlies in welvaart. ✓✓

(2 x 2)

(4)

'n Styging in invoerpryse kan lei tot:

- Die ruilvoet verswak/numeriese waarde van die ruilvoet/indeks verminder ✓✓
- Verlies aan welvaart omrede meer hulpbronne gebruik moet word om die stygende invoerkoste te dek. ✓✓

Aanvaar enige ander relevante antwoord.

(2 x 2)

(4)

(8)

[40]**TOTAAL AFDELING B:****80**

AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL:	PUNTETOEKENNING:
Inleiding	Maks. 2
Liggaam: Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks	Maks. 10
Gevolgtrekking	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5 MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 35 MINUTE**

Die staat se primêre oogmerk met sakesiklus-beleid is om die beste moontlike groeikoers te verkry.

- **Bespreek die vraag-en-aanbodkant-beleid van die staat om sakesiklusse glad te stryk.** (26)
- **Gebruik 'n volledig benoemde grafiek om die effek van vraag-en-aanbodkant-beleide op pryse te verduidelik.** (10)
[40]

INLEIDING

Die nuwe ekonomiese paradigma ten opsigte van die gladstryking van sakesiklusse, ontmoedig beleidmakers om gebruik te maak van monetêre- en fiskale beleid wanneer daar fyn verstellings aan die ekonomie gemaak moet word. ✓✓/Die nuwe paradigma moedig beleidmakers aan om eerder die ekonomie te stabiliseer deur gesonde langtermynbesluite ten opsigte van vraag- en aanbodfaktore in die ekonomie te maak. Gladstryking beteken om die pynlikhede wat met ekonomiese verval geassosieer word, uit die weg te ruim. ✓✓

Aanvaar enige ander relevante definisie / beskrywing van gladstryking of nuwe ekonomiese paradigma. (Maks.2)

INHOUD: HOOFDEEL

Die nuwe ekonomiese paradigma is vervat in die vraag- en aanbodkant-beleide. ✓✓

Vraagkant-beleide

- Dit fokus op die totale vraag in die ekonomie. ✓✓
- Wanneer huishoudings, firmas en die staat meer spandeer, sal die vraag in die ekonomie toeneem. ✓✓
- Dit laat die ekonomie groei maar kan lei tot inflasie. ✓✓

Inflasie: ✓

- Die totale vraag neem vinniger toe as totale aanbod, dit veroorsaak 'n styging in die algemene pryspeil. ✓✓
- Indien die aanbod nie in dieselfde mate gaan styg as die vraag nie, gaan pryse styg. ✓✓
- Dit veroorsaak inflasie ('n volgehoue en aansienlike styging in die algemene pryspeil)

Werkloosheid: ✓

- Vraagkant-beleide is effektief in die stimulering van ekonomiese groei. ✓✓
- Ekonomiese groei kan lei tot 'n styging in die vraag na arbeid. ✓✓
- Die gevolg: meer mense word in diens geneem en indiensname styg ✓✓
- Soos werkloosheid afneem neig inflasie om toe te neem. ✓✓
- Die verhouding tussen werkloosheid en inflasie word geïllustreer in die Phillips kurwe. ✓✓

Aanbodkant-beleide**Vermindering in koste ✓**

- Infrastrukturele dienste ✓
Billike tariewe en effektiewe dienste soos vervoer, kommunikasie en water asook energievoorsiening. ✓✓
- Administratiewe kostes ✓
Hierdie koste sluit in inspeksie, verslae oor die toepassing van 'n verskeidenheid wette regulasies en ordinansies, belasting terugbetalings, betalings ten opsigte van statistiese inligting. ✓✓
Dit alles dra by tot hoër koste in besighede. ✓✓
In SA dra besighede 'n swaar las aan administratiewe kostes. ✓✓
- Kontant aansporings ✓
Dit sluit in: *Subsidies* vir besighede om hulself in afgeleë gebiede te vestig waar werkloosheid hoog is. ✓✓
Vergoeding aan uitvoerders vir kostes aangegaan om uitvoermarkte te ontwikkel. ✓✓

Verbetering in die effektiwiteit van insette ✓

- Belasting koerse ✓
Lae belastingkoerse kan werkers aanspoor om beter te werk. ✓✓
Dit kan produktiwiteit verbeter. ✓✓
- Kapitaalverbruik ✓
Die gereelde vervanging van kapitaalgoedere (toerusting en masjinerie) bied aan besighede die geleentheid om in pas te bly met die jongste tegnologiese ontwikkelings, wat uitset verbeter. ✓✓
- Ontwikkeling van menslike hulpbronne ✓
Om die kwaliteit van mannekrag te verbeter deur die verbetering van gesondheidsorg, onderwys en opleiding. ✓✓
- Gratis adviesdienste ✓
Dit bevorder uitvoergeleenthede. ✓✓

Verbetering in die effektiwiteit van markte ✓


- Deregulering ✓
- Die verwydering van wette, regulasies, ordinansies en ander vorme van staatsbeheer, verseker 'n vryer mark omgewing. ✓✓
- Kompetisie ✓
- Moedig die vestiging van nuwe besighede aan. ✓✓
- Gelyke speelveld
- Privaat besighede kan nie met publieke ondernemings kompeteer nie. ✓✓

Antwoorde moet goed beskryf en in volsinne wees met voorbeelde alvorens 2 punte toegeken word.

Indien die feite slegs genoem is kan 'n maksimum van 13 punte verdien word.

(Maks 26)

INHOUD: ADDISIONELE GEDEELTE



Verduideliking

Bogenoemde grafiek toon:

- Totale vraag (TV) en totale aanbod (TA) is in ewewig by punt C. ✓✓
- Wanneer die vraag gestimuleer word beweeg TV na TV₁.
- In reaksie op die groter vraag, neem produksie en uitset toe, TA verhoog na TA₁ sonder dat pryse styg. ✓✓
- Aanbod is dikwels taai en traag om oor die korttermyn aan te pas. ✓✓
- Indien die totale vraag na TV₁ verskuif en die totale aanbod onveranderd bly, is die snypunt by F. ✓✓
- Reële produksie neem toe, maar so ook pryse, m.a.w. daar is meer inflasie. ✓✓
- Indien die TA-kurwe na enige posisie links van TA₁ verskuif, impliseer dit stygende inflasie. ✓✓
- Die oplossing is om omstandighede te skep wat sal verseker dat aanbod meer aanpasbaar is. ✓✓
- Dit word met behulp van aanbodkant maatreëls gedoen. ✓✓

(Maks.6)

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik uit die bespreking hierbo dat dit krities belangrik is om totale vraag- en totale aanbod reg te bestuur ten einde 'n stabiele ekonomie te verseker. ✓✓
Aanvaar enige relevante gevolgtrekking.

(Maks 2) [40]

VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 35 MINUTE**

Ekonomiese aanwysers word gebruik om die prestasie van 'n ekonomie te bepaal.

- **Ontleed in detail die volgende ekonomiese aanwysers:**
 - **Inflasiekoers** (26)
 - **Indiensname**
- **Na jou mening, waarom is dit noodsaaklik dat die staat van tyd tot tyd die prestasie van die ekonomie assessee?** (10)
[40]

INLEIDING

Ekonomiese aanwysers is statistiese data wat die gedrag van een of ander veranderlike in die ekonomie oor tyd aantoon.✓✓

Aanvaar enige ander relevante inleiding (Maks. 2)

INHOUD: HOOFDEEL**1. Inflasiekoers ✓**

- Dit is die voordurende styging in die algemene pryspeil van goedere en dienste oor 'n bepaalde tydperk, gewoonlik oor een jaar periode.✓✓
- Dit word dus beskou as 'n aanwyser wat die stand/welsyn/gesondheid van die ekonomie aandui.✓✓
- Dit word op twee maniere gemonitor: Produksiekant : PPI – Produksie Prys Indeks ✓✓ en Verbruikerskant : VPI – Verbruikersprysindeks ✓✓

Produsente Prys Indeks (PPI) ✓

- Word gebruik om die pryse van goedere wat plaaslik geproduseer is by die punt waar dit die produksie-aanleg verlaat, te meet.✓✓
- Ook meet dit die pryse van ingevoerde goedere by die punt waar dit die land binnekom.✓✓
- Beide word gemeet voordat verbruikers betrokke raak.✓✓
- PPI bestaan uit drie mandjies van goedere wat plaaslik vervaardig is.✓✓
- Bv. Veranderings in die PPI kan maandeliks, kwartaalliks of jaarliks gemaak word.✓✓
- Terwyl die verandering in pryse van uitvoerprodukte afsonderlik in dieselfde verslag aangetoon word.✓✓
- PPI sluit in kapitaal- en intermediêre goedere; geen dienste word egter ingesluit nie.✓✓
- Die PPI mandjie verskil geheel en al van dié wat gebruik word in die geval van die VPI.✓✓
- Dit meet die koste van produksie eerder as lewenskoste.✓✓
- Dit voorspel wat met die verbruikersinflasie (VPI) gaan gebeur.✓✓
- Wanneer pryse in die produksiekant verander sal dit onvermydelik ook die pryse aan die verbruikerskant op 'n latere stadium beïnvloed. ✓✓

Verbruikersprysindeks (VPI) ✓

- Toon prysverandering van 'n verteenwoordigende mandjie van goedere en dienste wat verbruikers koop aan. ✓✓
- Dit word afgekort as VPI, en sluit al die stedelike gebiede in. ✓✓
- Dit is 'n algehele indeks en gewigte word verkry van besteding deur huishoudings vanuit verskillende inkomstegroepe. ✓✓
- Dit is die mees omvattende aanwyser wat gebruik word om verbruikersinflasie in die land te meet. ✓✓
- Dit toon die verandering in die algemene koopkrag van die rand aan ✓✓
- Dit word gebruik vir die staat se inflasie-mikpunte-beleid. ✓✓ **(Maks.16)**

2. Indiensname

- Aanvullend tot ekonomiese groei is die indiensname van mense in die ouderdom van (15-64 jaar) 'n belangrike ekonomiese doelstelling. ✓✓
- Beter kennis is noodsaaklik daarom moet daar inligting wees rakende die mense wat werk soek. ✓✓
- Die getalle word bepaal op grond van ouderdom en mense se bereidheid om te werk. ✓✓

Die ekonomies aktiewe bevolking (EAB) ✓

- Die ekonomies aktiewe bevolking (EAB) staan bekend as die werksmag. ✓✓
 - Dit bestaan uit mense tussen die ouderdom 15 en 64 wie bereid is om te werk vir kontant of in natura en sluit in: ✓✓
 - Werkers in die formele sektor
 - Werkers in die informele sektor
 - Werknemers
 - Verskaf eie werk
 - Werklose mense
- } Enige een ✓✓
- Volgens die 2011 skatting was die SA bevolking - 50.5 miljoen mense. ✓✓
 - Die EAB was geskat op 17.5 miljoen. (34.6% van die totale bevolking). ✓✓

Indiensnamekoers ✓

- Die getal mense in diens geneem uitgedruk as 'n persentasie van die EAB gee verteenwoordig die indiensnamekoers. ✓✓
- Die indiensnamekoers kan ook omgeskakel word na 'n indeks. ✓✓
- Suid-Afrika se indiensnamekoers was in 2011 gelyk aan 74.9%. ✓✓
- Dit is laag in vergelyking met die van ontwikkelde en selfs sommige ontwikkelende lande, soos Argentinië en Pakistan. ✓✓
- In SA, stem ekonomiese groei en die groei in indiensname nie ooreen nie. ✓✓

In diensnamesyfers word vir die volgende gebruik:

- Om sekere tendense van indiensname in verskillende nywerhede aan te dui ✓✓ of
- Dit dui op strukturele verandering in die ekonomie. ✓✓
- Om produktiwiteit te bereken. ✓✓
- Om aan te toon hoe suksesvol die ekonomie kan wees as dit tot volle potensiaal aangewend kan word. ✓✓

Werkloosheidskoers ✓

- Statistiek SA (SSA) verkry sy arbeidsdata jaarliks vanuit die Kwartaallikse Arbeidsopname (KAO)/(QLFS) ✓✓
- Dit gebruik die standaard definisie van die Internasionale Arbeidskantoor om werkloosheid te bereken. ✓✓
- Die streng definisie van werkloosheid word gebruik om die werkloosheidskoers te bereken. ✓✓
- Werklose mense is daardie gedeelte van die EAB wie:
 - Nie gewerk het 7 dae voor die onderhoud nie. ✓✓
 - Graag wil werk en gereed is om te werk 7 dae na die onderhoud. ✓✓
 - Stappe geneem het om werk te soek of wat werk vir hom/haar self skep vier weke voor die onderhoud. ✓✓
 - Die amptelike werkloosheidskoers in SA soos in 2012 was 25,2%. ✓✓
- In ontwikkelende lande dwing verandering in werkloosheidskoerse die staat om
- fyn verstellings aan die ekonomie te maak. ✓✓
- 'n Styging vereis dat meer fondse vir werkloosheidversekering (UIF) beskikbaar gestel word. ✓✓
- In ontwikkelende lande is werkloosheid die grootste oorsaak van armoede. ✓✓

Aanvaar relevante statistiese data.

(Maks.16)

INHOUD: ADDISIONELE DEEL

- Om beleidsrigting te gee in die land. ✓✓
- Om meganismes in die gevoelige sektore in die ekonomie so spoedig moontlik te beskerm. ✓✓ bv. gedurende die 2008-2009 resessie is sommige maatskappye gered van ondergang deur die staat se finansiële reddingsplan (*bail out*). ✓✓
- Ontwikkel sommige ekonomiese stabiliseerders om die impak van groot ekonomiese skokke/ onverwagse ekonomiese afswaai te absorbeer. ✓✓
- Open alternatiewe markte vir hul goedere en dienste. ✓✓
- Om navorsing en advies aan besighede te verskaf alvorens die veranderinge kom. ✓✓
- Dit kan gebruik word om nuwe denke en groei in die sektore van die ekonomie te stimuleer. ✓✓

Aanvaar enige relevante oorweging.

(Maks.10)

GEVOLGTREKKING

Ekonomieë kan nie oorleef en groei indien hulle in hulle beplanning nie gebruik maak van ekonomiese aanwysers nie.

Aanvaar enige ander relevante gevolgtrekking.

(Maks. 2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150